


# GETUIENISBRIEF

**WINTER 2018**

## Kom kyk wat die Here in ons lewens doen

### Die hart van 'n huis... hier is baie liefde en gebede. Dit is 'n kuierplek, dinkplek, bidplek. Die plek waar dinge begin en kinderharte kan blom.



Tannie Ella is vanjaar geseën met 'n huisie van haar eie, 'n groot droom wat waar geword het na meer as 65 jaar. Sy versorg haar drie agterkleinkinders en is só nog steeds besig om haar omgee-hart vir kinders uit te leef. Tannie Ella het 11 jaar gelede gehelp om ons organisasie te begin en is vandag steeds deel van Ma's-vir-Wellington. Wie sou ooit kon droom dat die bietjie wat tannie Ella destyds gegee het, soveel méér kon word?

Lees meer...

### As die Here die Huis nie bou nie, swoeg die een wat daaraan werk tevergeefs.

Oor haar nuwe tuiste is gespreek: Jou huis gaan 'n lighuis wees. Die Here gaan jou gebruik, want hierdie huis kom nie van 'n mens nie, maar van die Here. Margie se droom was om vir haar en haar kinders 'n veilige blyplek te kon skep waar hulle gelukkig kan wees. Tog het sy vir jare in uiterste armoede in 'n saamgeflanste houthok gebly.

Margie was jare terug deel van die Ma's-vir-Wellington program. Sy het daarna deel geword van die Thabisa groep waar sy nou al twee jaar 'n pad met haar mentor, Selma van Rooyen, stap.

Lees meer...



### Winterklereprojek
### Kyk hoe helder 'n grys, koue winter 'n kind se lewe op

Dankie dat julle ons gehelp het om hierdie koue winter warm te maak vir ons kinders. Die Here het ons oorvloedig geseën met fondse en bydraes uit die gemeenskap. Ons is so dankbaar om die kinders te kan toerus met 'n sweetpak, reënbaadjie, mussie, slaapsakkie en waterstewels. Die Here is so goed vir Sy kinders.







### Bright Star

Dankie aan Margaux Reitsma wat aan al die vrywilligers **Brightstar** se First Light kursus aangebied het. Die First Light kursus is ontwerp as 'n inleiding tot die **BrightStar Life Skills Program**. Die kursus is spesiaal ontwerp om insig en persoonlike groei by kursusgangers te ontwikkel en hulle aan te moedig om 'n vol, sinvolle lewe te lei wat gevul is met deernis, integriteit, uitnemendheid, pret en volgehoue lewensgroei.





### Avodah Fliek

Watter groter bederf as 'n fliek op 'n reëndag! Die Avodah-groep vir ons intellektueel gestremde persone en die vrywilligers wat saam met hulle werk, word heerlik bederf deur Minimax, Paarl.

Dit was van hierdie mense se eerste keer ooit in 'n fliekteater. Een van die vrywilligers het laas vir 5c die rolprent, King Kong, in 1980 gaan sien en heerlik in die stoel lê en slaap!

Die doel van uitstappies met ons volwasse gestremde persone, is om hulle aan nuwe ervarings bloot te stel en hulle sosiale vaardighede te versterk. Kom besoek ons Avodah-groep op 'n Woensdagoggend om 9 uur by Blignautpark as jy betrokke wil raak of 'n bydrae wil lewer.

Lees meer...



### EDC Registrasie

Buiten die groot groep 160 kinders wat op Dinsdae en Donderdae na die kinderbediening kom, word daar nou ook op skoolgereedheid vir die 5jariges gefokus. Op 'n Maandag, Woensdag en Vrydag word daar 'n spesiale ECD program met hierdie 40 leerlinge gevolg. Ons is tans besig met die formele registrasie van hierdie program.

Lees meer...



### Vrywilligers

Die vrywilligers is dankbaar vir die groot donasie splinternuwe kinder- en volwasse skoene. Die getuienisse wat hieruit spruit maak mens weer eens dankbaar vir alles wat ons ontvang.

Lees meer...



### Hou dop!

Ons werk aan 'n spesiale resepteboek uitgawe vanuit die hart van ons vrywilligers. Hierdie "Tannie-Mammas" sorg onvoorwaardelik vir enige kind wat oor hulle pad kom. Ons het so 'n stukkie van hulle getuienisse en geheime kosresepte probeer vasvang.

Binnekort beskikbaar!!




### Kwartaalprogram

Vir meer inligting oor al ons program datums vind die kalender op ons webtuiste.



Lees meer...

### Toerdatum: 23 Aug

Persone wat belangstel om ons organisasie te besoek, kan vir Lizette Ferreira kontak by admin.mvw@telkomsa.net of by kantoor +27 (21) 864 1889.

